M E D I A V R Y S T E L L I N G

Datum: Donderdag, 29 Januarie 2009

Embargo: Geen – vir onmiddellike gebruik

Begin

Aanpasbare leiers nodig vir toekoms, sê Media24-hoof aan nuwe MBA-studente by akademiese opening van USB

Die toekoms sal gekenmerk word deur veranderinge wat ál vinniger plaasvind en wat onder meer deur tegnologiese innovering veroorsaak word. Die ironie van nuwe tegnologie is egter dat dit ook ontwrigtend kan wees, en dit beteken dat leiers "die vermoë moet hê om te kan aanpas" by die uitdagings wat die proses van verandering inhou.

Só het Francois Groepe, uitvoerende hoof van Media24, die nuwe inname van MBA-studente meegedeel by die akademiese openingseremonie van die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool (USB).

Groepe, 'n alumnus van die USB, was die gasspreker van die akademiese openingseremonie verlede week. (Donderdag, 22 Januarie 2009). Hy het aan 'n groep van sowat 150 studente, akademici en personeel gesê dat 'n sekere soort leierskap nodig is om konstante verandering en chaos te kan hanteer.

Groepe het gesê: "Die vermoë om te kan aanpas is die heel belangrikste karaktereienskap van 'n leier." Ander eienskappe wat hy as belangrik ag sluit in die vermoë om mense te inspireer, persoonlike eerlikheid, en die vermoë om verder as die sigbare te kyk en om die groter prentjie te sien wanneer jy voor 'n probleem te staan kom.

Volgens Groepe manifesteer verandering op verskillende maniere, soos deur netwerking en tegnologie wat dikwels ontwrigtend en verwarrend kan wees. "Ons word in die digitale eeu koordloos en 24/7 aan 'n netwerk verbind en kommunikeer deurentyd oor tydsones heen. Dit het sosiale gedragspatrone grondliggend verander.

"Ons betaal natuurlik 'n prys … en dit sluit gevolge in soos 'n agteruitgang in sosiale en interpersoonlike vaardighede, artritis van die duime en die moontlikheid dat jou geliefde jou via 'n SMS kan afsê," het hy in 'n ligter trant bygevoeg.

Groepe sê nóg 'n groot skuif is die migrasie van fisieke bates na ontasbare bates. "Die skuif word versnel as gevolg van tegnologie en finansiële ingenieurswese." Bewyse van finansiële ingenieurswese is die groot en "dikwels eksotiese en komplekse" afgeleide instrumente wat voortdurend ontwikkel word. Hy sê egter dat finansiële owerhede "berug" is vir hul onvermoë om hierdie afgeleide instrumente doeltreffend te reguleer en dat dit 'n rol speel in die inploffing van finansiële markte wêreldwyd.

"Dit is dus voor die hand liggend dat die pieke en laagtepunte baie meer prominent sal word soos ons vorentoe beweeg. Dit is die gevolg van hierdie onderlinge verbinding van die wêreld en die feit dat 'n groot persentasie van globale handel in die vorm van finansiële transaksies plaasvind." Hy sê daar sal "jammer genoeg" geen verligting wees van hierdie veranderinge of van ernstige sistemiese skokke nie.

Groepe het die volgende advies aan die groep MBA-studente gegee: "Sodra jy jou kursus voltooi het en sukses in die lewe behaal het, onthou jou wortels en ploeg terug in jou gesin, gemeenskap

en hierdie universiteit – jy is dit verskuldig aan jouself en die mense wat tot jou sukses bygedra het, dikwels met groot koste."

Prof Eon Smit, direkteur van die USB, het oor die toekoms van sakeopleiding te midde van konstante verandering gepraat.

"Deurlopende vernuwing moet in die prosesse van sakeskole ingebou word. Die sakewêreld is per slot van rekening aanhoudend besig om in iets anders omskep te word. Ek glo die antwoord lê in die skep van 'n sakeskoolkultuur wat met dié van 'n aksepbank ooreenkom. Sommige ouer beleggings (programme en aktiwiteite) lewer volgehoue opbrengste en vereis net die minimum instandhouding. Die mark sal jou inlig wanneer hul leeftyd tot 'n einde kom. Sommige nuwer programme en aktiwiteite het dalk steeds aktiewe bestuur nodig om dit te verwerklik terwyl daar ook 'n portefeulje van programme en aktiwiteite is wat in 'n ontwerpstadium is," sê prof Smit.

Die internasionaal geakkrediteerde USB het met vanjaar se inname van voltydse, deeltydse en modulêre MBA-studente meer as 200 kandidate van al die provinsies in Suid-Afrika en van Afrika-lande soos Malawi, Rwanda, Lesotho, Namibië, Kenia, Zimbabwe en Nigerië gelok. 'n Hele aantal studente van lande soos Indië, Oostenryk en Nederland het by die voltydse MBA-klas aangesluit saam met uitruilstudente van die USB se vennootskapskole in Frankryk, Swede en Duitsland.

Einde

Foto-onderskrif:

By die USB se akademiese opening: Francois Groepe, uitvoerende hoof van Media24 (middel), prof Wim Gevers, USB se mededirekteur: Akademies (links), en prof Johann de Villiers, dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe van die Universiteit van Stellenbosch (regs), saam met studente (van links) Mpho Selikanie van Lesotho, Belinda Mula van Kenia, en (voor) Erin Walker van Kaapstad, Theckla Kangueehi van Namibië en Gino Smith van Kaapstad.

Uitgereik deur: Afdeling Bemarking en Kommunikasie
Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool

Navrae: Marietjie Wepener
Tel: 021-918-4224; faks: 021-918-4468 / 78
E-pos: mwep@usb.ac.za
Webwerf: www.usb.ac.za

Clayton Swart
Tel: 021-918-4388; faks: 021-918-4468 / 78
E-pos: claytons@usb.ac.za